

Maandag 18 Julie

Skrifgedeelte: Job 38:1-15

Fokusgedeelte: Job 38:3, 4

Die Here se skepping laat my in tevredenheid swyg

Die Here se antwoord op al Job se twyfelvrae is verrassend anders as wat ons verwag. In plaas daarvan dat die Almagtige met die mens op 'n menslike vlak redeneer oor reg en verkeerd, konfronteer Hy Job deur sy oë op die grootsheid van die skepping te rig.

Tot nou het Job gevra. Uit sy klein menslike wêreldjie met sy groot nood het hy baie vrae gehad oor reg en geregtigheid en oor die sin en betekenis van sy lyding. Nou word die rolle omgekeer. Nou vra die Here. Moeilike vrae. Retoriese vrae wat eintlik die onafwendbare antwoorde veronderstel.

Hy vra vrae oor en uit die skepping: Waar was jy toe Ek die aarde se fundamente gelê het? So gebruik die Here die skepping en die skepping se weerkaatsing van sy almag om Job en ons oë oop te maak vir Wie Hy is en wie ons is. Hy gebruik die hemelruim, die aarde se grootheid, die see, wolke, die son, die reën, die sterre en die weerlig om Job tot insig te bring.

Selvs in die “kleiner dinge” word Job se onvermoë gekontrasteer met Hom wat alles geskep het. Die leeu, die wildedonkie, die buffel, die perd, die valk, die aasvoël, die seekoei en die krokodil word as't ware vorentoe geroep as getuies. Getuies van die Here se almag en van Job se onmag.

Die Here en die mens is nie op een vlak nie. Ons kan die Here nie tot orde roep nie. Ons kan nie van Hom verwag om antwoorde op al ons vrae te gee nie. Hy is die soewereine wat kán doen wat Hy doen en wat doen wat goed is.

En wat is jou antwoord op die Here se vrae? Nee, Here, ek kan nie antwoord nie, ek is nie opgewasse teen U nie. Dankie U u Seun gestuur het sodat ek u, as soewereine God, se kind geword het. Ek, in my worstel- en twyfelvrae, maak my daarom nie besorg oor groot dinge, dinge bo my vermoë, nie. Ek vind by U rus en tevredenheid, soos 'n gespeende kindjie by sy moeder vind.

Sing: Psalm 131-1:1-3

Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)